SANTAM 2018 TOPSHOT

Die volgende 5 skietoefeninge gaan aangebied word en sal kwalifiseer vir die Topshot.

By elke skietoefening sal die top 3 skuts in aanmerking kom vir n prys.

Die Topshot sal bepaal word deur die gesamentlike telling van die 5 skietoefeninge.

1: 100m Senterslag Jaggeweer:

Kaliber
Enige senterslagkaliber.

Visiere of teleskope
Geen beperking op visiere of teleskope nie.

Vanaf 100 meter word vyf skote in 180 sekondes vanuit die lê posisie sonder enige bykomende ondersteuning na die eerste sirkelteiken geskiet.

Lê posisie sonder enige bykomende ondersteuning (bv. skietstokke) – uit hierdie posisie is die ondersteuning vanaf die elmboë en mag die geweer, enige hand, pols of voorarm glad nie die grond of enige ander voorwerp raak nie. ‘n Geweerband mag gebruik word.

Vanaf 100 meter word vyf skote in 180 sekondes vanuit die sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning na die ander sirkelteiken geskiet.

Sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning (bv. skietstokke) – Dit is toelaatbaar om die elmboë op die knieë te stut en ‘n geweerband is ook toelaatbaar. Die skoen van ‘n skut mag op geen wyse as dooierus dien vir die geweer nie. Die gewig van die liggaam van die skut word slegs ondersteun deur die sitvlak (boude), voete en enkels. Geen ander deel van die liggaam, soos enige deel van die arms of knieë en bobene mag die grond raak nie. Die skopkussing (“recoil pad”) van die geweerkolf moet teen die skouer of bo-arm (*biceps muscle*) druk en nie teen die waai van die been of enige ander plek nie. Verder kan die skut sy liggaam gebruik na die beste van sy oordeel sonder enige beperking, behalwe waar die baanoffisier dit onveilig ag.

Alternatiewe sitposisie op skietstoeltjie sonder enige bykomende Ondersteuning sal toegelaat word.

Indien ‘n skut nie ‘n voorgeskrewe posisie **kan** (a.g.v. ‘n mediese of fisiese beperking) of **wil** (a.g.v. voorkeur) inneem nie, mag die skut ‘n hoër posisie inneem, maar die hoër posisie mag nie beter ondersteuning as die laer posisie geniet nie. Die skietposisies is van laagste (lê) na hoogste (staan) in die volgende volgorde: lê, sit-, kniel en staanposisie.

Daar moet 5 skote per sirkel geskiet word.

Skoot na die tyd geskiet - Indien ‘n skoot ná die bevel “stop” geskiet word, verloor die skut die

hoogste punt op die teiken

Te veel skote op die teiken - In die geval waar daar te veel skote op ‘n teiken is, moet die baanoffisier eers bepaal of daar skote kort op die omliggende teikens. Indien wel, moet daar eerstens probeer word om onderskeid volgens kaliber te tref. Indien dit moontlik is, word die teiken met die ekstra skoot/skote se telling bereken na die ekstra skoot/skote weggelaat is. Indien dit nie moontlik is om die onderskeid volgens kaliber te tref nie, word eerste die laagste telling afgetrek, daarna die hoogste en dan weer die laagste totdat al die oortollige skote verreken is. Indien die skut voel dat hy benadeel word, kan hy versoek om die oefening oor te skiet.

Die skietoefening tel uit n maksimum van 100.10.

2: 25m SWAARKALIBER:

Vanaf 25 meter word daar 5 skote na 2 sirkelteikens geskiet.

Kaliber:
Die minimum **kaliber** is **9.3mm (.366),**

Haelgewere word nie toegelaat nie.

Visiere en telescope:
Geen beperking.

Geweerbande:
Geweerbande mag nie gebruik word vir stabilisering nie. Dit hoef nie van die geweer verwyder te word nie maar moet dan los hang.

Vanaf 25 meter word drie skote vanuit die vryhand staanposisie in 30 sekondes na die eerste sirkelteiken geskiet.

Vanaf 25 meter word twee snapskiet skote vanuit die vryhand staanposisie op die ander sirkelteiken geskiet.

Op die bevel *“Almal is gereed – sluit die grendel en staan by”* – met die snellervinger langs die snellerbeuel – word die wapens gereed gemaak en in 45 grade posisie na die grond gehou. Wanneer die fluitjie geblaas word of die bevel *“vuur”* mag die skut sy geweer lig en slegs **een skoot** moet binne **5 sekondes** gevuur word. Op die bevel van die baanoffisier word die wapens weer oorgehaal en die proses word herhaal.

Die skietoefening tel uit n maksimum van 100.5.

3: 20m Senterslag Handwapen:

Vanaf 20 meter word daar 10 skote na n sirkelteiken geskiet.

Tyd: 2 minute per 5 rondtes

Skietposisie: Staande, sonder ondersteuning of hulpmiddels.

Vuurwapentipe:
Handwapens - 7.65mm en groter pistool of rewolwer
GEEN enkelskoot handwapens nie. (Byvoorbeeld die Thompson Contender ens.)

Visiere of teleskope:
Slegs ’n oop visier word toegelaat. Oop visiere mag verstelbaar wees, maar die afstand vanaf agterste visier tot by die punt van die voorste visier mag nie 25cm oorskry nie.

Die skietoefening tel uit n maksimum van 100.10.

4: 25m .22 Randslag:

Vanaf 25 meter word daar 10 skote na 2 sirkelteikens geskiet.

Visiere of teleskope:

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

Vanaf 25 meter word 5 skote vanuit die vryhand sitposisie in 180 sekondes sonder enige ondersteuning na die eerste sirkelteiken geskiet.

Sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning (bv. skietstokke) – Dit is toelaatbaar om die elmboë op die knieë te stut en ‘n geweerband is ook toelaatbaar. Die skoen van ‘n skut mag op geen wyse as dooierus dien vir die geweer nie. Die gewig van die liggaam van die skut word slegs ondersteun deur die sitvlak (boude), voete en enkels. Geen ander deel van die liggaam, soos enige deel van die arms of knieë en bobene mag die grond raak nie. Die skopkussing (“recoil pad”) van die geweerkolf moet teen die skouer of bo-arm (*biceps muscle*) druk en nie teen die waai van die been of enige ander plek nie. Verder kan die skut sy liggaam gebruik na die beste van sy oordeel sonder enige beperking, behalwe waar die baanoffisier dit onveilig ag.

Alternatiewe sitposisie op skietstoeltjie sonder enige bykomende Ondersteuning sal toegelaat word.

Indien ‘n skut nie ‘n voorgeskrewe posisie **kan** (a.g.v. ‘n mediese of fisiese beperking) of **wil** (a.g.v. voorkeur) inneem nie, mag die skut ‘n hoër posisie inneem, maar die hoër posisie mag nie beter ondersteuning as die laer posisie geniet nie. Die skietposisies is van laagste (lê) na hoogste (staan) in die volgende volgorde: lê, sit-, kniel en staanposisie.

Vanaf 25 meter word 5 skote vanuit die vryhand staanposisie in 180sekondes sonder enige ondersteuning na die ander sirkelteiken geskiet.

Vryhand staanposisie – geen bykomende ondersteuning (bv. skietstokke) word gebruik nie en verder gebruik die skut die staanposisie soos dit hom/haar pas. ‘n Geweerband is toelaatbaar.

Die skietoefening tel uit n maksimum van 100.10.

5: Haelgeweer kleiduif:

Elke skut sal 10 kleie kry om te skiet.

Net een skoot per klei. n Tweede skoot sal nie tel nie.

Let asb. daarop dat indien nodig sal die top skuts moet uitskiet, bring dus genoeg rondtes.

SKIETBAAN VEILIGHEIDSREëLS

1. Die Baanoffisier het die finale gesag op die skietbaan en het die reg om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.

2. Opdragte van die Baanoffisier moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.

3. Deelnemers en besoekers is onderhewig aan die skietbaan se reëls en moet die baanregister en die vrywaringsvorm teken.

4. Geen persoon onder die invloed van alkohol of narkotiese middels mag die skietpunt betree nie.

5. Geen deelnemer mag alkohol tydens die kompetisie gebruik nie.

6. Vuurwapens moet ongelaai op die skietbaanterrein arriveer in ‘n doelgemaakte sak of tas.

7. Vuurwapens mag net uit ’n sak of tas gehaal word in direkte opdrag van die baanoffisier op die skietpunt en die lope moet dan te alle tye in ‘n veilige rigting gerig wees.

8. Vuurwapens mag nie op die skietpunt hanteer word terwyl enige persoon voor die skietpunt is nie.

9. Veilig verklaarde vuurwapens moet in sakke of tasse wees tydens beweging tussen skietpunte.

10. Gehoorbeskerming en oogbeskerming is verpligtend.

11. Toeskouers en wagtende deelnemers moet ten minste 15m agter die skietpunt wees.